### *Die menslike leerskool*

**59** **Cyrenius** sê: "Ja, dit verstaan ek jammerlik genoeg ook, want ek sien dat daar weinig goeds uit voortkom! Waar is die mense en hoeveel is daar, wat in staat sou wees om ook maar één les in hulle op te neem en te verstaan? En hoeveel is daar dan, selfs uit die aantal wat die onderrig gevolg het, wat sodanige sterke wil het, dat hulle dit ontvang en goed verstaan en die leerstelling volledig in `n daad kan omsit? Ek wed jou alles dat daar uit 'n duisend ingewydes, maar tien te vind sal wees wat die egte en regte wil en ook die benodigde moed besit om - veral onder fanatieke bygelowige volksmassas - die gehoorde en goed begrypte leer uit te voer! Want wat sou hulle daaraan hê om die leer van die ewige, suiwere waarheid uit te voer as hulle dan die volgende dag al deur die selfsugtige en onmenslike fanatici op die pynlikste manier gewurg word?!

2] Julle is weliswaar oneindig wyse en magtige dienaars van die Allerhoogste, maar in dié geval sê ek as ervare staatsman: Heeltemal sonder enige dwang sal hierdie waaragtig goddelike lewensleer nooit maklik aanvaar word nie! Op die minste moet die ergste fanatieke bygeloof met die grootste moontlike onderdrukking verdrywe word, anders sou dit ewig jammer bly om haar ook maar `n dagreis van hier uit te dra!

[3] Hier glo ons natuurlik ongetwyfeld rotsvas in die suiwere, ewige waarheid, wat vir ons so ryklik geopenbaar word, maar tog is hier sprake van enige dwang. Want julle altwee, en die Meester met Sy dade, is nou juis ook nie sulke geringe dwang-middele, waarsonder hier nie `n duisend toehoor-ders en volgelinge van die leer bymekaar sou wees nie. Maar as die baie opmerklike dwangmiddel nog steeds geen dooie masjiene van ons gemaak het nie, soos wat die verwering voldoende laat sien, dan sou `n uiterlike dwangmiddel die mense, wat hulle in die toekoms moet omvorm tot egte kinders van Elohim, ook hulle baie kwaad aandoen!"

[4] **Beide engele** sê: "Jy het in één opsig sekerlik gelyk, en uiterlike dwangmiddele sal ook nie agter-weë bly nie, maar daarnaas sal jy ook tot die oortuiging kom dat `n uiterlike dwang eintlik nog slegter is as `n onsigbare innerlike! Want satan bedien hom ook van die uiterlike dwang om die kwade bygeloof in stand te hou. As ons ons egter by die uitbreiding van die hemelse leer ook van die kwade middele van die satan bedien en op die wyse in sy voetspoor tree, dan is die vraag - Wat kan ons daarmee vir die ewige heil van die mens wen?

[5] Met vuur, swaard en baie bloedvergieting het die kwade bygeloof hom nog altyd die weg en die toegang tot die wêreld verskaf, maar as die suiwere woord van Elohim hom nou ook op dié manier toegang sou verskaf, sou dan ooit `n mens, wat met `n bietjie gees begenadig is, **dit as `n woord van vrede van Elohim uit die hemel kon herken?** Sou hy nie moet sê: 'Elohim, is dit vir U dan nie voldoende dat die mensdom vreeslik deur die satan geplaag word en moet U, Almagtige, nou óók nog op sataniese manier die arme en swakke mense benader?'

[6] Kyk eers, liewe vriend en broer, hoe ongerymd dit sou wees as Elohim die Meester Hom vir die uitbreiding van Sy leer onder die mense, ter wille van hul ewige heil Hom ooit van sulke middele sou wou bedien, terwyl die hel haar altyd daarmee bedien het om haar harde vrugte en voedsel by die mense in die wêreld voor te stel!

[7] Ja, eendag sal daar, jammer genoeg, tye kom waarin die mense die verontreinigde leer van JaHshua die Meester, **met vuur en met swaard aan die volke sal predik**, maar dit sal `n groot ramp vir die mense wees! - Verstaan jy dit?"

[8] **Cyrenius** sê: "Dit verstaan ek tot my spyt ook en tog vra ek of sulke uiterlike rampe deur die Almagtige hemele nie voorkom kan word en waarom trouens die bose ooit eenmaal volledige toegang tot hierdie wêreld moes of mag gegee word!"

[9] **En beide** sê: "Liewe vriend en broer, as jy enige wysheid het, oordeel dan self of daar sonder `n téén ooit `n vóór kan wees! Waar het `n mens ooit sonder stryd `n held geword? Sou daar ooit by die mense oorlog gekom het as daar by hulle slegs maar vrome lammetjies was? Of sou jy ooit jou krag kon uitpro-beer as daar geen voorwerpe was wat jou krag kon weerstaan nie? Sou daar ooit `n bo kon wees as daar geen benede was nie? Of sou jy iemand iets goeds kon aandoen as daar nooit iemand is wat hulp nodig het nie? Wat is dan `n goeie daad, as niemand behoefte daaraan het nie? Of sou jy `n alwetende ooit iets kon leer wat hy nie alreeds weet nie?

[10] Kyk, in `n wêreld waar `n mens homself moet vorm tot `n ware kind van Elohim, moet daar aan hom ook alle moontlike goeie en kwade geleenthede ten dienste staan om die leer van Elohim volledig te kan uitprobeer!

[11] Dit moet warm en koud wees, sodat dit die ryke geleentheid verskaf om sy arme en naakte broer van klere te voorsien. So ook moet daar armes wees, **sodat die ryke hom ook in die barmhartigheid en die arme hom in die dankbaarheid kan inoefen**.

Eweso moet daar sterkes en swakkes wees, om die sterkes geleentheid te gee om die swakkes te ondersteun, en om die swakkes in die nederigheid van hul harte te laat erken dat hulle swak is. So moet daar in `n sekere opsig ook dommes en wyses wees, omdat die lig van die wyses anders vir niks sou wees nie!

[12] As daar geen slegtes was nie, waaraan sou die goeie dan gemeet kon word of, in hoeverre hy werklik goed was?!

[13] Kortom, in die **instituut vir selfontwikkeling van mense** tot vrye kinders van Elohim moet daar vir hulle soveel moontlik vir- en teen-situasies voorkom, **waardeur die kinders hulle grondig in alles kan oefen en ontwikkel**, omdat hulle anders onmoontlik ware, almagtige kinders van die Allerhoogste sou kon word!

[14] Neem maar van ons aan: Solank `n mens nie by alle moontlike sake en omstandighede met sy hele mag die satan van die gevegsterrein verdrywe nie, is hy nog nie volledig `n kind van Elohim nie! Maar hoe sou hy ooit die oorwinnaar van hierdie vyand kon word as mens alle geleentheid ontneem sou word om ook maar net met `n haar van die vyand in aanraking te kom? **Ja, die ware Ryk van Elohim kos baie stryd ter wille van die algehele vryheid van die ewige lewe,** en daarom moet julle tussen hemel en hel geleentheid kry om te veg!"

### *Die nut van die hartstogte*

**60** "So sal jy merk dat verskillende hartstogte die mense beheers. Daar is mense wat die behoefte het om alles wat maar enige waarde het, te besit. Dit is duidelike gierigheid, en dit is `n sonde. En aan hierdie sonde het jy die skeepvaart te danke, want slegs hebsugtige en op winsbejagte mense kon die lewensgevaarlike begeerte bekruip, om middele te vind om oor die baie ver uitgestrekte see te vaar, om te ondersoek of daar aan die ander kant van die see ook nog lande sou wees, met miskien `n oorvloed aan ongelooflike skatte. Na baie uitgestane moeilikhede en lewensgevare kom hulle werklik aan by die anderkant van die see waar daar nog onbewoonde lande was. Die uitgestane groot gevare het hul hartstogte van hebsug baie afgekoel en hulle die moed ontneem vir die terugtog. Hulle vestig hulle direk daar waar die wind hulle gebring het, bou hutte en huise en bevolk op die manier `n nog algeheel onbewoonde land. - Sê nou self eers of die mens ooit sonder die hartstog van die hart- en winsbejag die vreemde land sou ontdek het!?

[2] Bekyk nou die hartstog van die liggaamlike sinnelikheid. Bedink hierdie hartstog eers op sy hele weg en stel jou die mensdom eers so hemels kuis voor as wat maar moontlik is, en dan sal jy `n lofwaardig behae skep tot in die gryse ouderdom gedurende so `n rein moontlik maagdelikheid en so `n kuis moontlik vrygeselle-lewe. Stel jou nou egter alle mense in `n baie kuise toestand en vra jou dan eens af: Hoe sal dit dan gaan met die ingestelde orde van Elohim, die vereiste voortplanting van die menslike geslagte? Hieruit kan jy dus opmerk dat ook hierdie hartstogte by die mens hoort, omdat die aarde anders maar al te gou ontvolk sou word! Dat daar te veel mense, jammerlik genoeg, besete is deur hierdie hartstogte, soos wat daagliks te sien is, is sonder meer waar, en so `n ontaarding is altyd teen die orde van Elohim en dus `n sonde. Maar tog is die herhaaldelike ontaarding van hierdie hartstog altyd nog baie beter as die algehele uitroeiing daarvan.

[3] Alle kragte wat die mense gegee is en wat hom aanvanklik voordoen as moeilik te beteuelde hartstogte, moet in staat wees om hom sowel na bo as na benede volledig te ontwikkel, omdat die mens anders maar lou water sou bly en in `n stinkende traagheid sou versink.

[4] Ons sê vir jou: Niks kan jou `n waarheidsgetrouer getuienis gee oor die goddelike bestemming van die mens, as die ergste sonde teenoor die grootste deugde van die mens, want daaruit word gou sigbaar watter oneindige vermoëns die mense van hierdie aarde gegee is! Die weg van die mens gaan na die allerhoogste hemel van Elohim, wat selfs vir die engele ontoeganklik is, ook tot in die diepste hel, en as dit nie so was nie, sou hy nooit `n kind van Elohim kon word nie!

[5] Ons kom in aanraking met mense van tallose ander wêrelde, maar wat `n verskil is daar tussen hier en daar! Die mense daar is in geestelike en ook in liggaamlike opsig begrens, wat hy heel moeilik ook maar met één stap kan oorskry. Julle mense van hierdie aarde is geestelik net so min as die Meester Self begrens en kan doen net wat julle wil. Julle kan julle verhef tot in die binneste woning van Elohim, maar juis daardeur ook net so diep val soos die satan, wat eenmaal óók die hoogste vrye gees uit Elohim was. En omdat hy moes val, moes hy desnoods in die diepste diepte van alle verderf val, waaruit hy nouliks ooit `n terugweg sal vind, omdat Elohim die sonde net so `n vervolmakingsmoontlikheid gegee het as vir die deugde."